Bloemfontein Baptiste Kerk

051- 451 1017 kerk@kerk.co.za www.kerk.co.za bfn_baptiste Bloemfontein Baptiste Kerk

# HERFOKUS

## Deel 3 – Passie vir Mense

**Matteus 16:18(AFR53)** …op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.

**Johannes 13:34-35** Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is.

## Jesus Voed Duisende

**Matteus 14:14** Toe Hy uit die skuit klim, het Hy die groot menigte mense daar gesien. Hy het hulle innig jammer gekry en die siekes onder hulle gesond gemaak.

**Matteus 14:16** "Hulle hoef nie weg te gaan nie. Gee julle vir hulle iets om te eet."

**Johannes 6:9-13** "Hier is 'n seuntjie met vyf garsbrode en twee vissies; maar wat is dit vir so baie mense?" Daarna het Jesus die brood geneem, God daarvoor gedank en dit uitgedeel aan die mense wat daar gesit het, en net so ook soveel van die vis as wat hulle wou hê. Nadat die mense versadig was, sê Hy vir sy dissipels: "Maak die stukke bymekaar wat oorgebly het sodat daar niks verlore gaan nie." Hulle het dit toe bymekaargemaak. Daar was twaalf mandjies vol met die stukke wat van die vyf garsbrode oorgebly het nadat die mense klaar geëet het.

## Die Weduwee en Elisa

**2 Konings 4:1-4** 'n Vrou van 'n profeet het haar nood by Elisa kom kla: "My man is dood. U weet self dat hy die Here gedien het. Nou het die skuldeiser gekom om my twee seuns te vat en hulle sy slawe te maak." Elisa het vir haar gesê: "Ek sal jou help. Sê vir my: wat het jy in jou huis?" Sy het geantwoord: "Ek het niks in die huis nie behalwe 'n erdekannetjie olie." Hy het toe gesê: "Gaan leen nou by al jou bure leë kruike, en sorg dat jy nie te min leen nie. Dan gaan jy in jou huis in, maak die deur agter jou en jou seuns toe, en gooi elkeen van hierdie kruike vol olie. Soos elkeen vol word, moet jy hom wegpak."

**2 Konings 4:7** …Sy het by die man van God aangekom en dit vir hom vertel. Hy het gesê: "Gaan verkoop die olie en betaal jou skuld. Jy en jou seuns kan dan leef van wat oorbly."

*"Ons bestaan om **God te ken,***
*en Hom **bekend te maak***
*terwyl ons **mekaar liefhet**"*